

Publication: Burger, Die (Metropool) - KommentaarenOntleding
Title: Fluit-fluit, my storie begin eintlik nou eers
Publish date: 06 Nov 2026
Page: 10
Reach: 27456
AVE: R 23747,26
Author: Staff Reporter

Fluit-fluit, my storie begin eintlik nou eers

Woordewisseling
Donovan Lawrence



Shhh! Tsk! Uhm-uhm! Ons almal ken hierdie klanke en verstaan wat daarmee bedoel word. Met 'n enkele geluid kan ons iemand tot stilte maan, ons afkeer uitspreek of 'n waarskuwing oordra.

Maar wat vertel hierdie klanke ons van die aard en oorsprong van menslike kommunikasie en die merkwaardige vermoë van die mens om sy spraakorgane op soveel verskillende maniere in te span om betekenis oor te dra?

Geluide soos die tsk! waarmee ons afkeer uitdruk of die sug wat jy soms gebruik om jou teleurstelling oor iets of iemand te kommunikeer staan bekend as nie-leksikale uitings. Hoewel hulle nie noodwendig deel van ons gewone woordeskat vorm nie, dra hulle tog betekenis en vervul belangrike kommunikatiewe funksies.

Dit is egter nie al waartoe ons spraakorgane in staat is nie. Ons kan hulle selfs op 'n heel ander manier inspan om taal oor te dra – deur te fluit.

Op die Kanariese eiland La Gomera word 'n gefluite vorm van Spaans, bekend as Silbo Gomero, reeds eeue lank gebruik. Dit is nie bloot 'n reeks fluitseine waarmee boodskappe oorgedra word nie, maar 'n volledig ontwikkelde manier om die eilandbewoners se gewone taal, Kastiliaans-Spaans, te kommunikeer. Volgens Unesco is dit die enigste volledig ontwikkelde fluittaal wat steeds deur 'n groot gemeenskap beoefen word.

> **Die stelsel is besonder interessant.**

Die stelsel is besonder interessant. Die vyf Spaanse vokale word deur twee onderskeibare fluitklanke voorgestel, terwyl vier verskillende fluitklanke vir die konsonante gebruik word.

Betekenisvolle onderskeidings word onder meer deur toonhoogte en die onderbreking of voortsetting van die fluitklank aangedui. Met genoeg oefening kan gebruikers dus feitlik enige boodskap oordra – selfs oor groot afstande.

Die kennis van Silbo Gomero word al eeue lank van geslag tot geslag oorgedra, en sedert 1999 word dit ook formeel in skole onderrig. Byna al die eilandbewoners verstaan die fluittaal, wat steeds deur oud én jonk beoefen word. Dit word nie net in alledaagse gesprekke gebruik nie, maar speel ook 'n rol tydens feeste, seremonies en godsdienstige geleenthede.

Interessant genoeg het dié fluittaal selfs sy eie dialekvariasie: Subtiele verskille in die fluitstyl kan verklap van watter deel van die eiland iemand kom!

Ons gebruik al eeue lank fluit- en ander mondgeluide om met diere te kommunikeer. Jy fluit mos vir die hond om nader te kom, lok die kat met 'n ps-ps-ps en trek 'n perd se aandag met 'n tongklik. Deur herhaalde interaksie leer diere om hierdie klanke as herkenbare seine in spesifieke situasies te interpreteer.

Die oorsprong van mondgeluide as kommunikasiemiddel bly grootliks 'n raaisel. Ons weet byvoorbeeld nie waar hierdie geluide vandaan kom of hoe hulle hul betekenis gekry het nie.

Wat ons wel weet, is dat ons mond tot veel meer in staat is as om bloot woorde te vorm. 'n Sug, 'n fluit of 'n tongklik kan immers soms net soveel sê as 'n hele sin.

■ **Dr. Lawrence is hoof van die departement Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Wes-Kaapland.**

www.meltwater.com/za | Cape Town: +27 21 838 5100 | Johannesburg: +27 11 028 2172 | Copyright © Meltwater News (Pty) Ltd.